# Goeie Nuus

Maandblad van die
Ned Geref Kerk Meyerspark
Jaargang 20 Nommer 5
Junie 2023

## Koninkrykstyd

Die eerste deel van die kerklike jaar volg die lewensgang van Jesus Christus en die kerklike feesdae wat daaruit vloei: Advent, Kersfees en Epifanie, gevolg deur die Paassiklus – die lyding, dood en opstanding van Jesus Christus – tot met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkstersondag.


Die tweede deel begin by die eerste Sondag ná Pinkster (Drie-eenheidsondag) en loop deur tot by die Sondag van Christus die Koning (die Sondag voor Advent). Hierdie tyd in die kerklike jaar staan in die Protestantse Tradisie as Koninkrykstyd bekend.

Gedurende Koninkrykstyd word die volle omvang van God se koninkryk – verlede, hede en toekoms – in herinnering geroep. Daar word in dié tyd telkens gevra hoe die gemeente met dankbaarheid op die voorafgaande feesseisoene (Advent, Lydenstyd, Pase en Pinkster) kan antwoord.

Ná die feesseisoene het ons in die kerklike jaar ook tyd nodig om net daar te wees, om dit wat ons glo in te oefen en om na die beweging van die Gees te luister terwyl ons as God se mense in hierdie wêreld leef. Die eredienste op Sondae moet ons telkens in 'n nuwe week indra en help om die evangelie van Jesus voluit te leef.

Die "alreeds" en die "nog nie" van die koninkryk van God moet voortdurend tydens hierdie seisoen in herinnering geroep word. God se koninkryk is nou reeds deel van ons werklikheid. Ons leef vanuit wat reeds gebeur het. Dit wat God reeds vir ons in Christus gedoen het, laat ons uitreik na die wêreld met God se liefde en versorging, veral na dié in nood. Ons fokus dus in hierdie tyd ook op barmhartigheid en die skepping.

Die "nog nie" aspek laat ons in Koninkrykstyd ook vooruit kyk na dit wat God vir ons in die toekoms gaan laat aanbreek. Ons leef daagliks in gereedheid op die wederkoms van Christus.



# Liturgiese kenmerke van Koninkrykstyd.

## Kleure

Groen en skakerings van groen is die oorheersende kleure van Koninkrykstyd. Op Drie-eenheidsondag en die Sondag van Christus die Koning is die kleure goud en wit. Op Hervormingsondag word rooi gebruik as simbool van die bloed van die Protestantse martelaars. Ons hier in die Suidelike Halfrond is in die gelukkige posisie dat die laaste deel van Koninkrykstyd in ons lente- en somerseisoen val, wat dit moontlik maak om die liturgiese ruimte simbolies met groen te versier. In die Seisoen van die Skepping sou 'n mens ook baie met bloeisels en helderkleurige blomme kon doen om die skepping te vier.

## Simbole

Die bekendste simbool vir hierdie seisoen is die visserskuit op die see met die kruis as mas. Ander simbole is die oop Bybel, die Lam met 'n septer of staf, 'n koringaar, die Drie-eenheiddriehoek, die drie sirkels wat die eenheid uitbeeld, die fleur-de-lis, 'n anker of 'n visnet. Die kroon word op die Sondag van Christus die Koning as simbool gebruik en kan simbolies oor die bopunt van 'n kruis gehang word.


# Kry die Kerkbode App


Meer as 70 persent van *Kerkbode* se besoekers lees die jongste kerknuus, artikels en rubrieke op hul selfone of tablette. Met die *Kerkbode* app is die kerknuus selfs méér toeganklik wanneer jy aan die beweeg is.

- Lees nuusberigte, artikels, rubrieke en lesersbriewe
- Ontvang kennisgewings van belangrike nuus
- Deel artikels deur middel van sosiale media
- Vind ouer stories met die effektiewe soekfunksie
- Hou vakatures dop

Beskikbaar vir Android™ en Apple®.

KRY DIT OP Google Play

Download on the App Store



# Nuus van die Vrouebediening

**Neem my HANDE, maak hul sterk – diensbaar in U goeie werk (Lied 308:2) Vrouebediening, NG Gemeente, Meyerspark**

**Die winter is HIER …**
**“Op die gras lê winter wit, yskristalle wat aan sy snorbaarde sit. Al lê die aarde onder en bewe, is daar tog nog ‘n bietjie lewe …“ (Lukas Engelbrecht).**
**Met die winter in gedagte, was dit op VRYDAG 5 MEI ons PANNEKOEKDAG!! Van vroegdag af was dit ‘n werkery van buitengewone formaat en omvang. Honderde pannekoeke is huistoe geneem en met die verkope het ons R5127 wins gemaak! Wat só waar is van ons almal, is dat ons, voor ons werk, bid, omdat ons wéét dat alles wat ons nodig het van die Here af kom en terwyl ons werk, wéét ons ook dat alles gaan afhang van hoe hard ons werk. “Sonder moeite geen vreugde. Hy wat blomme wil plant, moet baie water aandra …”**
**Op Sondag 28 Mei vier ons die gemeente – en ds Derick – se verjaarsdae met ‘n heerlike “bring-en-braai” middagete. Baie dankie aan Karien en almal wat die heerlike bykosse voorberei het.**


Ons 2023 Uitreikaksie na behoeftige kinders in skole vir spesiale onderwys word binnekort afgesluit.
Aflewering sal gedoen word aan die Transoranje Skool vir Dowes, Prinshof Skool vir Siggestremdes, Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid en Sonitusskool vir Gehoorgestremdes.
Die INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS is 'n geregistreerde organisasie sonder winsoogmerk NPO 001-597. Met hul leuse van “Footprints of HOPE” is hulle al vir dekades besig om aan kinders met spesiale behoeftes, gespesialiseerde onderrig te gee. Ons lewer graag namens die gemeente ‘n beskeie bydrae tot hierdie verdienstelike instellings.
Baie dankie vir die pragtige handwerk en donasies wat ons ontvang het.
“Mag ons leer om dankbaar te wees vir wat ons het, voordat die tyd ons dwing om dankie te sê vir wat ons gehad het.”

# VADERSDAG SONDAG 18 JUNIE 2023

**Iemand skryf oor haar Pa: "My Pa het my geleer lag, hoe om hard te werk, om nederig te bly, ander mense met respek te behandel en dat die Here die belangrikste van almal is."**





David Wilkerson, die skrywer van die boek "The Cross and the Switchblade" en die stigter van die "Teen Challenge" program wat hulp verleen aan verslaafdes, sê oor ouerskap: "Elke woord en daad van 'n ouer is 'n draadjie waarmee die karakter van 'n kind geweef word; en dit gaan uiteindelik bepaal hoe daardie kind ingeweef sal word
in die samelewing."
"Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, só ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien"
Psalm 103:13














# Belangrike Godsdienste van die Wêreld

## ISLAM

Ons wil oor die volgende paar maande hoofkenmerke van elke wêreldgodsdiens in die Goeie Nuus plaas, sodat ons lidmate vertroud kan wees met hoe voorstanders van hierdie godsdienste glo en dus meer voorbereid kan wees om ‘n geestelike gesprek met hulle aan te knoop. Hierdie maand wil ons begin deur die Islam-geloof te ondersoek.

Die Arabiese woord, “islām” (Afrikaans “Islam”) beteken letterlik “oorgawe” en beskryf die fundamentele godsdienstige idee van ‘n Moslem (‘n Islam gelowige word ‘n Moslem genoem) – die oorgawe aan die wil van Allah (vanaf die Arabiese woord vir God “Allāh”). Die wil van Allah word in die Islam heilige geskrif, die Koran (vanaf die Arabiese woord “Qurʾān” – voorsê) geopenbaar.

Islam het sy ontstaan te danke aan die profeet Muhammed, wat in 570 nC in die stad Mekka gebore is. Hy was getroud met ‘n vrou uit ’n baie ryk familie, Khajidah, en het meeste van sy tyd in afgesonderde meditasie spandeer. Hy het beweer hy het verskeie besoeke van die Engel Gabriël ontvang, wat hom beveel het om openbarings van die Engel in ‘n geskrif, wat die Koran geword het, oor ‘n periode van 10 jaar, op te skryf. Die Koran is in 114 suras (hoofstukke) verdeel. Hy was ongewild in Mekka en het uiteindelik in 622 nC na die stad Medina gevlug en is in 632 nC dood, nadat hy homself tot profeet van Allah verhef het. Die jaar 622 nC word as die ontstaan van Islam erken.

Islam het 5 doktrines:

1. God (geloof in Allah).
2. Engele (die hoofengel is Gabriël).
3. die Skrifte, waarvan Islam vyf het: die Torah van Moses (eerste 5 boeke van die Bybel), die Zabur (Psalms van Dawid), die Injil (evangelie van Jesus) en die Koran (die belangrikste van die Islam-geskrifte).

4. Muhammed (die Islam-gelowiges identifiseer 25 profete van Allah, onder andere Adam, Noag, Abraham, Moses, Dawid en Jesus, maar die belangrikste profeet is Muhammed).
5. Die Eindtye – op die laaste dag sal die dooies opgewek word en Allah sal oordeel oor almal en elkeen na die hemel of die hel stuur, op grond van of hy of sy Allah aanbid het of nie.

.

Islam het verder 5 pilare:

1. Geloof (daar is geen god, behalwe Allah en Muhammed is sy profeet).
2. Gebed (5 voorgeskrewe daaglikse gebede).
3. Die Zakāt (suiwering), ‘n voorgeskrewe belasting, wat sowat 5% van ‘n aanbidder se jaarlikse inkomste behels.
4. Vas, wat behels dat ‘n gelowige gedurende die maand Ramadan (die 9de maand van die Moslemkalender), gedurende die dag niks mag eet nie, maar wel in die nag.
5. Die Hajj, ‘n pelgrimstog na Mekka, wat elke Moslem moet onderneem, indien hy finansieel daartoe instaat is.

Die leser kan uit bogenoemde aflei dat daar heelwat ooreenstemming met ons Bybel is, daar is egter ‘n paar fundamentele verskille tussen Islam en die Christendom.

1. Islam erken Jesus nie as die Seun van God nie, maar erken slegs dat Hy ‘n belangrike Profeet was en, wat meer is, ‘n baie minder belangrike profeet as Muhammed.

2. Die Koran sê dat Jesus nooit aan die kruis gesterf het nie, maar dat Hy net voor die kruisiging na die hemel opgeneem is deur Allah en dat Judas (vermom as Jesus) aan die kruis gesterf het.

3. Moslems verklaar dat gelowiges hulle saligheid moet verdien deur die navolging van die 5 pilare wat hierbo genoem word.

Vandag is Islam die vinnig-groeiendste godsdiens in die wêreld. Die Christendom het nog vandag die meeste aanhangers, maar ‘n onlangste opname van die Pew Navorsingsentrum het bevind dat Islam vinniger groei as die Christendom en Moslems teen 2050 die aantal Christene sal verbysteek.

Wat is dus die verskil tussen Islam en die Christendom? Islam aanbid ‘n dooie profeet - ons aanbid die lewende Jesus, die Seun van God, wat namens ons aan die kruis gesterf het en so God se straf vir ons sondes gedra het, opgestaan het uit die dood, en as Verheerlikte Seun van God, God self, na die Hemel opgevaar het. Hy lewe vir ewig en Christengelowiges leef vir ewig saam met Hom. Moslems moet die ewige lewe verdien. Christene word kinders van God en verkry die ewige lewe suiwer deur genade.

**Jesus het gesê daar is net een weg na die Vader en dit is deur Hom (Joh 14:6).**